NG Kerk Vier Ankers se
Uitgawe 25
Ankerglans
Kwartaal 1 - 2021
Sasolburg

# Nuwe Normaal

# Nuwe 2021 Uitdagings ...

Dis is so asof Covid-19 'n stopteken geplant het tussen die mensdom en sy aktiwiteite – nie net plaaslik nie, maar wêreldwyd.

Netso word ons optrede ook hier by 4 Ankers begrendel deur 'n dodelike onsigbare virus. 'n Veranderende virus wat met elke mutasie die breek van sy beperkende grendels bemoeilik. Vir hoe lank gaan die pandemie ons teister? - ons weet nie! Wat ons wel weet, is dat ons geloofslewe moet aangaan. Die virus durf nie ons tot moedeloosheid dryf nie. Daar moet planne gemaak word al is dit grootliks vanaf 'n virtuele platvorm. Ons Godgegewe talente van liefde vir Hom, onsself en ons naaste is die wapens om hierdie pandemie se bindende skakels te breek. Neem op die wapenuitrusting! Hier by 4 Ankers is **Aksie Nehemia** een van die wapens in ons arsenaal.

## Aksie Nehemia ... *Ons Gemeentebou se stukrag*

Die vier ankergebiede is in wyke gedeel.
Die wens dat daar 'n versorger vir elke wyk sal wees, is bykans waar.
Dat elke wyk sy eie versorger het, bly die strewe van aksie Nehemia.
Voor die Covid inperkings kon lidmate, wat in Anker 4 woon, bymekaar kom. Tydens 'n heerlike ontbytsessie het hulle hul Anker4-ouderling en diaken aangewys.

## Anker4 se ouderling en diaken.



Hans Jurie (Anker4 se verkose leier-ouderling), Santa Moolman (versorger) saam met George Woodley (Anker4 se verkose leier-diaken).

## *Ander ankers ...?*

Ankerleiers sal die lidmate en wyksversorgers, van die onderskeie ankergebied, op die kerkraad verteenwoordig. Ons hoop om binnekort die ander drie ankergebiede se leiers te laat aanwys.

Kaart van Anker 4

